

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-2 (AFR53/83/2020)

Fokusgedeelte: Romeine 12:1-2

Ons lewe as dankoffer aan die Here

Die Romeinebrief kan in drie hoofdele saamgevat word: ons sonde (Rom. 1:1 – 3:20), ons verlossing (Rom. 3:21 – 11:36) en ons dankbaarheid (Rom. 12:1 – 16:27). In die eerste twee dele (hoofstukke 1 – 11) maak die Heilige Gees deur Paulus aan ons bekend dat ons van ons sondeskuld verlos word, nie deur eie verdienste nie, maar bloot op grond van God se genade, deur die geloof, in Christus. Daarom eindig hoofstuk 11 in 'n lofsang aan die Here (11:33-36). Tog eis die Here van ons dat ons wel in sy diens moet optree – dit wil sê: godsdiens. Ons godsdiens is egter nie deel van ons verlossing nie, maar van ons dankbaarheid. Daarom begin die dankbaarheid-deel van die Romeinebrief in 12:1, 2 deur te sê wat ons eintlike godsdiens behels.

Samevattend beskryf vers 1 dit soos volg: Ons moet uit dankbaarheid vir die genade wat God aan ons bewys het, ons liggame aan Hom wy as 'n lewende, heilige offer. Om jou liggaam as lewende offer aan God te gee, is niks anders nie as om al jou liggaamlike kragte, vermoëns en middele wat jy van God ontvang het, in sy diens te stel. Dit wil sê jy moet dit so gebruik dat dit Hom sal behaag en Hom tot eer sal strek.

In vers 2 word verduidelik hoe ons liggame heilige offers voor God kan word. Eerstens moet ons, gelei deur die Heilige Gees, wegbreek uit die manier waarop die sondige wêreld dinge doen. Ons moet op 'n ander, nuwe manier begin dink en doen. Ons optrede moet nie meer deur ons eie goeddunke bepaal word nie, maar deur dit wat God van ons verwag.

En hoe weet ons wat God van ons verwag? Deur sy Woord, waarin Hy sy wil bekendmaak. Elke keer voor ons iets doen of sê, moet ons dink aan wat die Here se wil is, volgens sy Woord. As ons dan daarvolgens optree, word ons lewe al meer 'n lewende, heilige offer waarin God Hom verheug, 'n dankbare loflied tot sy eer.

Sing: Psalm 119-1:39

Prof. GJC (Gert/Jorrie) Jordaan (Emeritus)